# *Die Draaijakkalse!*




*'n Kort klug vir twee*

*deur*

*Nico Luwes*

*Debuteer op Aardklop 2010*

*4-22 Jan 2009*
*Jan Brandstraat 17*
*Langenhovenpark*
*Bloemfontein*
*Opvoeregte outeur luwes@ufs.adc.za 0823742485*
*of Dalro*

## Idee

Die stuk gaan o.a. oor rugby, maar kan aangepas word vir enige sport soos sokker of krieket as hoofrede waarom **Chappies** wil uit om 'n wedstryd te gaan kyk.

## Lokaal

Bloemfontein of enige rugby- of sportstad (Pas spanne aan indien nodig)

## Ruimte

Eenslaapkamerwoonstel op grondvloer

## Tyd

Nou

## Seisoen

Curriebeker eindstryd of indien aangepas een of ander sport eindstryd of toets.

## Karakters

**Chappies** (Honneurs Ekonomie): (26) Fanatiese sportondersteuner - in hierdie geval – Cheetahs (onder andere!) Het bandeplek, ***Chappies's Cheetah Tyres and Fitment Center*** en hy is nogal verbasend suksesvol, synde dat hy nie eers 'n klubwedstryd mis nie. Hy bou sy kliëntebasis op die Dek by Vodapark. Hy het sy *contacts.* Eintlik is hy 'n aantreklike jong man en *nice* mens met baie vriende. Hy raak (dalk) binnekort verloof aan **Minette**, sy skool- en Varsitymeisie. Hulle woon nou al twee jaar saam nadat hulle by die selfde skool en universiteit studeer het. Genoeg gejag? (Dirk Gouws 0845810573)

**Minette** (Honneurs Menslike Bewegingskunde): (24) Asook 36c/28/36 of so iets! Pragtige meisie met vuur. Pas klaar gestudeer, twee jaar gewerk en beslis nie *stupid* nie. **Chappies** se skool- en Universiteitsmeisie aan wie sy nou (dalk) binnekort verloof gaan raak. Te min ervaar? (Lindy-Lee Kleynhans 0828081124)

**Wiele:** (26) **Chappies** se groot sport(s)maat. (Verskyn net op laaste bladsy)

**Claudette:** (24) Woelig en sport(s)maker. (Verskyn net op laaste bladsy)

## Toneel 1

*Dis Saterdagmiddag 3:30. Die Curriebeker-eindstryd tussen die Cheetahs en die Blou Bulle begin 5:00. Tipiese rugbymusiek soos "Hier kom die bokke", David Kramer se "Bokkie", Leon Schuster se "Cheetah" of selfs die Ierse volkslied word oorverdowend gehoor vanuit die CD-speler. (Net se'blief nie "Die Blou Bul" van Steve nie! Ek haat daai flippen song!)*

*Die lig gaan aan op in 'n tipiese woonstel van jongmense wat saambly. Moerse TV, DVD en CD speler, Lava-lamp op hoektafel waar videospeletjie-tydskrifte, Cosmopoliton en daai tipiese jongmensgoed tussen videospeelhandstukke en selfoonlaaiers, rekenaars en dies meer rondlê. Twee deure, of indien met net gordyne gespeel word, een 'voordeur' OPS en ook by PS 'n 'deur' na slaapkamer en toilet-area. Agter 'n oopplankombuis of opening met sjampanjeproppe op toutjies wat as skerm of 'deur' na kombuis dien. Basiese meubels by Pa's en Ma's geleen - dus verskillende style. Gomma-Gomma bank en stoel of twee met koffietafel waarop gisteraand se koffiebekers en ou pizza-boks nog staan. Jou tipiese jongmenswoonstel – jy ken dit – vul self in. Miskien 'n 'poster' of twee van rugbyhelde of rugbyspan vir* ***Chappies****. Vir* ***Minette*** *ook een wat haar fassineer- soos kaalbolyfposter van Ryk Neetling, Chris Cameleon of Steve Stofsuier in sy laat 90's! Die aksie begin sodra die gehoor die prentjie ingeneem en ritme ingesink het.*

*(****Chappies*** *kom vrolik uit slaapkamer en sing luidrugtig saam. Geklee in volle uitspattige drag van Cheetah-ondersteuner, luiperdkolle op die arms en bene ens. Hy loer vinnig op sy horlosie en sit die CD nog harder. Hy loer weer vinnig in die kamer in en terwyl hy sy sel bel gaan hy in die kombuis in. Ons hoor hom haastig praat op sy sel in die kombuis)*

**Chappies:** *Yes!* Hallo Wiele! *Yes!* Alles is gereël! Nee sy gaan saam nie. *Like* mos nie die *game* nie! Ek sien jou daar. Bakgat! Op dieselfde plek! Krip 4. Pragtig man, pragtig. Kannie wag nie! Dit gaan die *nice*'te game van die seisoen wees! Vanaand is die Cheetahs weer bo**!**

*(****Minette*** *kom op die laaste twee sinne uit die slaapkamer met ingedraaide hare en grimeerspieëltjie en die nodige verfgoetertjies en smeerdingetjies waarmee sy haar in die res van die toneel van haar kop tot tone optof. Sy het die laaste twee sinne beslis gehoor)*

**Minette:** Met wie praat jy, Chappies? Wie's vanaand weer bo?

**Chappies** *(in en sit sy selfoon af):* Hoesê, my Liefie?

**Minette:** Jirlikheid Chappies. Is jy doof? Ek vra wie is vanaand weer bo**?**

**Chappies** *(ernstig):* Hoe dink jy, Minette'tjie, Kerre'tjie, Keriekstieks-Stêrtjie? Wie's bo? *(Hy kry 'n gekompliseerde Tarzan-aanval gemeng met 'n Karate-kata. Hy skop die leë pizzaboks tot in die kombuis op die laaste kreet)* Cheetah, Cheetah... Altyd maar die Cheetah... Altyd maar die Cheetah... Cheetaaahs!

**Minette**: Is jy mal!

**Chappies**: *Relax!* Wie't jy gedink is bo?

**Minette**: Ons sal maar moet sien! Wie was dit?

**Chappies**: Huh?

**Minette:** Gebel?

**Chappies:** Gebel?

**Minette**: Gebel op die sel? Met wie jy gepraat?

**Chappies**: O, Wiele.

**Minette**: Wiele? Hoekom?

**Chappies:** Yes. Ou Wiele. Wou net seker maak alles is gereël. Kry mekaar daar. Krip 4 halftyd of na die *game* op die Dek. O hel, amper vergeet ek die lemoene! *(Hy gaan in kombuis in om die ingespuite lemoene te kry)*

**Minette** *(na CD speler):* Ja-nee! Met daai stoutgat Wiele en jy en jou lemoene in die pakkie is alles verséker gereël. *(Sy stel CD sagter)* En na die tyd op die Dek seker ook!

**Chappies** *(op met sak lemoene):* Vir wat doen jy dit, Minette?

**Minette**: Vir wat doen ek wat?

**Chappies**: Die musiek? Duh!

**Minette**: Ons het bure! Duh!

**Chappies** (*se nekkie wikkel heen en weer soos 'n rieldanser):* Hey Poppie! Dis die Curriebeker eindstryd! *(Hy sit lemoene neer en vat die afstandbeheer)* En dis my CD! *(Hy draai die musiek weer harder)*

**Minette** *(gryp die afstandbeheer uit sy hand, plak die plastieksak lemoene in sy*

*hand en draai dit weer sagter):* En dis my CD-speler! So ja!

**Chappies**: Maar Poppie?

**Minette** *(vies):* Chappies! Moenie vir my sê POPPIE nie! Ek is nie jou *dêm* "Poppietjie" nie, BOETIEKIE! *(Sy gaan sit weer op die bank en verf verder aan haar tone)* Gaan sê vir daai kieliekoekies op die Dek " Poppietjies". *(Sy sit die afstandbeheer op die koffietafeltjie neer)*

**Chappies** *(hande in die lug):* Sorry, my Koeskoestertjie. Sallie weer nie hoor! *(Hy haal die CD uit, loer skelm na haar waar sy met haar rug na hom sit en tone verf. Hy sit 'n ander CD (Liefling) in, kry die afstandbeheer en draai die musiek stadig harder en begin versigtig vir haar sing)* Liefling.... kan ons nie maar vergeet en vergewe?

**Minette** *(skud maar net haar kop en begin glimlag):* Ai tog! Chappies? Jy het geen einde nie...

**Chappies** *(nou weer op volspoed terwyl hy harder draai en saamsing):* LIEFLING... Ek kan nie sonder jou verder LEWE... Dit weet jy goed! *(Omhels haar van agter op die bank).*

**Minette** *(gryp weer die afstandbeheer uit sy hand wat hy om haar lyf hou en sit die musiek darem leefbaar sagter):* Jirlikheid, Chappies! Mens kan jou nie eers agter op 'n bakkie saamvat koöperasie toe nie! Ons het bure!

**Chappies**: Aag, my Kieriewapsie. Dis die eindstryd!

**Minette**: Soos jy tekere gaan sal die bure dink dis die Eindtyd!

**Chappies** *(op en na kombuis):* Wil jy 'n bier hê? Dis tyd om op te warm.

**Minette** *(vir haarself. Ietwat suggestief?):* Nee dankie, ek is warm genoeg! *(Sy stel die CD nog sagter en roep na hom in kombuis)* Chappies! Net butch vrouens op Harleys drink bier om hulle op te warm. Gee vir my eerder een van daai snaakse goedjies om my af te koel.

**Chappies**: Issit? Weet jy wat? Harley girls drink Rum, ou girl! Red Heart Rum! Jy moet hulle sien op daai Dek! *(In met sy bier en 'n pers Hooch of 'n ding vir haar)* So *by the way...* een van hierdie snaakse goedjies het meer skoppe vodka in as twee biere, my ou Plesierdier! Cheers! *(Gee vir haar)* Onhou jy daai dag toe jy en Claudette saam rugby toe was?

**Minette** *(dreigend):* Ek wil nie daaroor praat nie.

**Chappies**: Oukie douks*! (Sit sy pet agterstevoor)* Nouja! *(Sing op Stellenbosch-lied)* “Vodapark die roep my en ek moet gaan...”

**Minette**: Moet jy nou-al? Dis nou eers kwart voor vier!

**Chappies** *(kyk op sy horlosie):* Jip! Dis tyd! *(Hy pluk sy kaartjie uit) Comes the time, comes the man!* En ek het ‘n kaartjie! R250 moertoe, maar *so what!*

**Minette**: Hoekom vat jy my nie saam nie?

**Chappies** *(kyk na haar, die kaartjie en weer na haar. Soos ‘n zombie):* Maar... dis één kaartjie?

**Minette**: *So what?*

**Chappies** *(nog steeds onnosel en begryp nie die vraag nie):* Net een mens kan met een kaartjie ingaan, *duh?*

**Minette** *(brul soos ‘n bees en draai weer haar rug op hom):* AAAAA!

**Chappies** *(probeer vrede maak):* Sorry my Po... pragtige ou Daisy... maar ek het regtig net een

.

**Minette** *(gee maar in):* Ja toe-nou-maar... Gaan maar alleen.

**Chappies**: Ag, my ou Darling... Jy sou dit in elk geval nie geniet het nie.

**Minette**: Hoekom?

**Chappies** *(op na venster):* Vanoggend al gesien. Dit gaan reën.

**Minette**: O. Maar jy gaan dit geniet in die reën?

**Chappies**: Wel... ek het die kaartjie?

**Minette**: Ek sien.

**Chappies** *(kom sit weer by haar):* Ag, my ou *Babetjie*, dit gaan in elk geval ‘n *boring game* wees.

**Minette**: ‘n *Boring game?*

**Chappies**: Ag ja wat. Ons sal seker weer wen. *Boring!*

**Minette**: So, jy wil ‘n *boring game* gaan kyk in die reën omdat ons gaan wen?

**Chappies**: Ja, ek sal seker maar moet?

**Minette**: Jy moet? Chappies, hoe het jy Varsity deurgekom?

**Chappies**: Geswôt. Wat het Varsity met rugby te doen?

**Minette** *(gooi weer haar beesbrul):* AAAAA!

**Chappies** *(vlieg op):* Nou wat nou?

**Minette** *(vlieg ook op):* Chappies! Jy het 'n honneursgraad in Ekonomie en jy wil 'n *boring game* in die bleddie reën gaan kyk omdat ons gaan wen. *(Sy tik haar kop)* Hoe werk jou somme?

**Chappies**: Hê?

**Minette**: Hoekom dan gaan? In die reën?

**Chappies**: Wat ek het 'n kaartjie! R250! Ek moet!

**Minette**: Jy moet? Chappies... as ek iets nie wil doen nie, maar ek moet, is dit nog logies dat ek nogtans 'n keuse het? Wat se logika is dit dat jy moét gaan?

**Chappies**: Maar, *Darling,* dis rugby-logika!

**Minette**: Rugby-logika? *I rest my case!*

**Chappies**: Kom saam dan sien jy hoe werk dit

**Minnette** *(draai haar toneverfgoed toe en op):* Nou goed!

**Chappies** *(totaal gegooi):* Huh?

**Minette**: Nou goed ek wil saam.

**Chappies**: Wil jy regtig saam?

**Minette**: Ja. Ek wil probeer om hierdie 'rugby-logika' te verstaan. Ons wag net tot my naels droog is.

**Chappies**: Maar daar's nie tyd nie?

**Minette**: Vir wat nie?

**Chappies**: Tyd vir jou tone en tyd om nog 'n kaartjie te koop nie. Jy weet?

**Minette**: Twak en hare, Chappies! Daar sal seker kaartjies by die hek wees?

**Chappies**: Minette. Dis die eindstryd! Daar gaan miljoene mense wees! Daar gaan nie kaartjies wees nie.

**Minette**: Jirlikheid Chappies! Partykeer verkoop mense swartmark-kaartjies net voor die wedstryd by die hekke.

**Chappies**: Jy sien, dis wat my so die dônner in maak!

**Minette**: Wat?

**Chappies** *(nogal opgewerk!):* Dis mense soos jy wat swartmark-kaartjies voor die *game* koop wat sorg dat ons getroue ondersteuners nie altyd kaartjies kan kry nie! Een ryk vark sonder werk gaan koop duisende kaartjies voor die tyd en ons - die regte *supporters* sukkel en *suffer* om 'n kaartjie en 'n plek te kry. Dan kom hierdie swartmark-varkkop en maak derduisende uit die *game* met sy smousery en gaan KYK NIE EERS die *game* nie! Nee! Dis teen my rugbybeginsels. Ek sal nie vir 'n skelm rugbykaartjie betaal nie! Dit werk nie so in die *game* nie!

**Minette**: O. *(Kort stilte)*

**Chappies**: Ja! *(Kort stilte)*

**Minette**: Dalk is iemand se Ouma dood!

**Chappies**: Dalk is iemand se Ouma dood? Liewe aarde, Minette! Waar val jy nou uit?

**Minette**: Selle plek as jy, Chappies! Jy, Chappies... Jy het self 'n kaartjie gekoop vir verlede jaar se *game b*y "Daai arme ou by die hek wie se Skoonma dood is en hy moés begrafnis toe gaan, want hy is een van die draers en hy moés die bedankings doen" Onthou jy? Jy het 400 flippen Rand vir daai kaartjie betaal! Jy't self so gesê?

**Chappies**: Ja, maar dit was anders.

**Minette**: Wat was anders?

**Chappies**: Hy't die geld nodig gehad vir die begrafnis! *Flippit!*

**Minette**: En jy't hom geglo? Blêddie *fool!* Veral toe daai selfde 'draer en *speech*-maker na die *game* so lekker by die *bar* op die Dek dikgesuip raak? Ja en toe hy jou sien hartstogtelik tjank oor sy kamstige dooie Skoonma wie se begrafnis hy gemis het want hy was vas parkeer? *Flippet,* Chappies, hoe dig kan jy wees?

**Chappies**: Ok! Hy het my vir 'n *ride* gevat. Maar hy het tot die *Antie* se foto op

haar laaste vir my gewys. Sulke hol wange en als! Ek moés hom glo, Minette!

**Minette**: *Bleddie fool!* Maar nou ja! Dalk is iemand se Skoonma weer dood. Hol wange en als! Kom ons gaan.

**Chappies**: Wil jy regtig? Daai swartmark-kaartjie gaan *bleddie* duur wees – as ons een kry.

**Minette** *(vat haar handsak):* Ek sal betaal, Ingat!

**Chappies**: Ja maar as jy nie 'n kaartjie kry nie kan jy nie ingaan nie en wat maak jy dan.

**Minette** *(die sarkase begin nou drup!):* Dan sit ek by die Dek en drink 'n bier of wil jy hê ek moet tee bestel, Chappies?

**Chappies**; Ek gee nie om wat jy drink nie, Minette! Maar dan gaan ek nie die *game* geniet nie.

**Minette**: Hoekom nie? Jy sit dan op die pawiljoen met jou Castle en ek sit op die Dek met 'n *bleddie* koppie rooibostee?

**Chappies**: Jy sien! Jy *sulk* al klaar! En ek gaan ook *sulk* omdat ek weet ek sit lekker op die pawiljoen met my Castle en jy sit op die Dek met 'n *bleddie* koppie rooibostee?

**Minette**: So jy dink darem nog aan my?

**Chappies**: Natuurlik! En gaan alles nou die moeite werd wees? Kyk waar skop die kriek al! Die voorwedstryde is teen daai tyd in elk geval verseker al verby. En Grey sou in elk geval gewen het.

**Minette** (verloor dit heeltemal): Chappies, ek wil nie die voorwedstryde van 'n klomp *skoollaaities* kyk nie! Ek wil die hoofwedstryd kyk!Lyk ek vir jou jou soos een of ander... pedovoes?

**Chappies**: Minette... Dis nie nodig om histeries te word nie.

**Minette** *(lig haar hande gevaarlik):* Jy weet, Chappies... as my naels nie nog nat was nie was jy nou dood!

**Chappies**: Ag ek dink maar net aan jou welsyn, my skat.

**Minette** (probeer haarself kalmeer): My welsyn... Nou goed.

**Chappies**: En buitendien waar dink jy gaan ons nou parkering kry? Affies speel teen Grey! Die hele *bleddie* Pretoria en al die 4X4's suid van die Sahara staan seker op die sypaadjies geparkeer! Ek gaan met my *bike.*

**Minette**: *Fine,* Ek gaan saam.

**Chappies**: Op my bike?

**Minette**: Op jou bike.

**Chappies:** Maar jy kan nie.

**Minette**: Hoekom nie?

**Chappies**: *Flippet,* Minette! Ek het net een *helmet!*

**Minette**: *Fine!* Ek ry sonder 'n helmet! Die *speedcops* sal nie vandag vang nie. Dis rugby, *duh?* Al is jy so uit jou vel uit soos Jurie-Wat-Sy-Naam op 'n *Kindergarten-party* los die *speedcops* almal vandag uit. Dis rugby, Chappies!

**Chappies**: Ja, OK. Maar jou klere is nie reg nie.

**Minette**: Ekskuus?

**Chappies**: *Flippet,* Minette! Jy het 'n BLOU top aan! Soos laas!

**Minette**: *So what?*

**Chappies**: *So what?* Jirlikheid girl? Jy verstaan eenvoudig net nie die *game* nie! Was jy al die *army?* Nee!

**Minette**: Wat?

**Chappies** Jy skiet nie op jou eie *flippen* troepe nie, Minette! Blou? Blou is die *flippen enemy!*

**Minette**: Waarvan praat jy?

**Chappies**: Die die *END-GAME! (O hel, hier skop die macho-ding ook nou in!)* Ek is jammer, maar as ek as man in die laaste loopgrawe van my lewe staan, staan ek manalleen, nie met die Hanskakies langs my nie. Jy gaan nie saam nie!

**Minette**: So jy gaan alleen?

**Chappies**: Ek staan eerder  man alleen as saam met verraaiers.

**Minette**: Nou goed, gaan dan... Man!

**Chappies**: Natuurlik gaan ek! Nou kom jy nou saam of wat?

**Minette**: Nee, ek is is mos 'n Hanskakie, so gaan...

**Chappies**: *Flippit,* Minette! Ek het nie gesê JY is 'n Hanskakie nie. Ek het net gesê EK gaan nie saam met 'n Hanskakie oorlog toe nie. Dan gaan ek eerder alleen!

**Minette**: Alleen? Nou toe, gaan alleen en gaan staan jou man!

**Chappies**: Is jy seker? Nou goed. So ons stem nou saam? Ek gaan alleen die *game* kyk.

**Minette**: Ok. Nou geniet dit so 'n keer'jtie alleen in jou eie loopgraaf. Ek sal ook...

**Chappies**: Nou hoe meen jy nou?

**Minette**: Nee, los my maar net uit.

**Chappies**: Nee, wat het jy bedoel met "ek sal ook..." wat?

**Minette**: Absoluut niks! Gaan net! Los my alleen! Gaan geniet die *game!*

**Chappies**: Ek sal nie kannie.

**Minette**: Hoekom nie?

**Chappies**: *Flippit,* Minette, ek sal dit nie geniet as ek weet jy sit en *sulk* by die huis  nie.

**Minette**: Ek sal nie sit en *sulk* nie.

**Chappies**: Nie?

**Minette**: Nee, ek sal beslis nie sit en *sulk* nie!

**Chappies**: Nou wat gaan jy doen as jy nie sit en *sulk* by die huis nie?

**Minette**: Maak jy maar net dat jy by die *game* kom! Anders sit en *sulk* ek dalk regtig hier by die huis omdat jy al daai geld vir 'n flippen simple rugbykaartjie betaal het en jy sit en *sulk daar* oor ek sit en *sulk* by die huis!

**Chappies** *(totaal gegooi): Come again?*

**Minette**: Jirlikheid Chappies, kry net jou ry voor ek jou vermoor!

**Chappies**: Ek kan nie gaan as jy so kwaad is vir my nie! Ag toe. Kom eerder saam. Ons vat die *bike*, jy ry sonder 'n *helmet* en as jy nie regkom met 'n kaartjie nie, dan wag jy vir my by die Dek.

**Minette**: Wil jy hê ek moet gaan?

**Chappies**: Natuurlik, my ou Koeskoestertjie.

**Minette**: Raait! *(Sy staan op)* As jy wil hê en moet gaan dan sal ek gaan.

**Chappies**: Dis al bietjie laat. Jy sal nog moet aantrek. Spring! Die tyd loop!

**Minette**: Selfde as laas?

**Chappies**: Selfde as laas... Net nie weer blou nie!

**Minette**: Hoekom nie?

**Chappies** *(kalm en met ingehoue nadruk):* Blou is die *enemy*, Minette. Blou is die blou Bulle! Hoe kan jy dit nie verstaan nie?

**Minette** *('n lig gaan vir haar op*): O.... Ek verstaan! Dit hoekom julle almal oranje...

**Chappies**: Presies. Blou speel teen Oranje... Dis logika.

**Minette** *(op en op pad uit na kamer):* Ek trek net gou aan. Ek weet nie of ek iets oranje het nie. Dit pas nie by my vel nie.

**Chappies** *(gaan sit moedeloos op sy gat op die stoel en 'down' sy bier*): Dit maak nie saak nie. Trek enige iets behalwe blou aan!

**Minette** *(in kamer):* Ek soek net gou iets wat pas.

**Chappies** *(sug en skakel selfoon):* Hallo... Ja ek is vertraag maar ek wil beslis nog kom. Dan sien ons maar by die Dek as ek jou nie betyds halftyd kry nie. Ja ek het als... Lemoene, *ticket* als wat nodig is!

**Minette** *(in kamer):* Met wie praat jy?

**Chappies**: Wiele! Hy sê hy gaan maar 'n kans vat met sy *bike*. Dis makliker om te parkeer as sy 4X4. Hoe vêr is jy? Die tyd loop!

**Minette** *(in kamer):* Ek moet nog net besluit oor skoene! Niks pas by oranje nie!

C**happies** *(sug en maak nog 'n bier oop):* Nou kry nou net klaar! Wiele sou my

kom haal as dit reen. Ons het so afgespreek. Nou vat hy maar ‘n kans op sy *bike*. Dan kry ons mekaar halftyd by krip 4.

**Minette** *(in kamer):* Watse krip?

**Chappies**: ‘n Krip in ‘n toilet, Minette. Daar gaan miljoene mense wees! Hoe de hel gaan ons mekaar opspoor? Ons kry mekaar halftyd by krip 4 in die manstoilet! Dis nou te sê as ons kan inkom! (Hy in uiters ongeduldig en *down* sy bier)

**Minette** *(in kamer):* Miskien moet julle net minder bier drink. Dan loop mens nie so baie nie

**Chappies** *(kyk die bier en vat die laaste sluk):* Hoe vêr is jy?

**Minette**: Ek doen net my hare.

**Chappies:** Hare? *(Hy vlieg gefrustreerd op, draai in die rondte en gaan sit weer. Dan gryp hy ‘n lemoen ek begin die ding papdruk om uit te suig):* Ek sal probeer verstaan...

*(Weerlig slaan en swaar donderweer word gehoor. Chappies suig sy lemoen vir ‘n wyle verbete)*

**Minette** *(kom in, haar hare puik opgetert en gewaagde toppie aan):* Klaar!

**Chappies:** Wragtag! *(staan op en kry sy sal lemoene en helmet. Hy het haar nie eers raakgesien nie):* Halleluja! Uiteindelik! Ko’s ry!

*(Donderweer slaan en bui reën slaan neer)*

**Chappies** *(kyk my deur uit):* O, hel dit reën...

**Minette**: *So what?*

**Chappies**: Jou hare gaan natreën en jy gaan soos ‘n voëlverskrikker lyk.

**Minette**: Man dis Rugby! Ek sal dit *rough.* Almal gaan so lyk!

**Chappies** *(draai om en sien haar nou eers regtig raak):* Is jy seker... *(Geskok)* O’ hel! Gaan jy so?

**Minette**: Gaan ek hoe?

**Chappies**: Met daai stukkie toppie?

**Minette**: Nou wat’s verkeerd met die top? Dis oranje! Duh!

**Chappies**: Nee, hel, Daai ding lyk soos daai top wat Claudette laas aangehad

het

**Minette**: Wiele se *girl*, Claudette?

**Chappies**: Ja! Die ouens gaan aanmerkings maak.

**Minette**: Soos vir Claudette?

**Chappies**: Presies! Soos vir Claudette.

**Minette**: Nou luister nou mooi, Chappies. Dit het boggerôl met die top te doen! Nie een man het 'n aanmerkings oor Claudette of oor die top gemaak nie tot sy... wel tot voordat sy ge-*flash* het! Toe begin hulle!

**Chappies**: Ja, maar... Ja, maar...

**Minette**: Nee! Nie ja, maar... Ja, maar nie. En jy Chappies.... Jy het haar ge-*dare* op te *flash* as Heinrich Brüssouw sy eerste toetsdrie druk! Ja jy! Jy't haar ge-*dare!*

**Chappies**: Jis, maar ek het mos nie geweet hy gaan sommer in sy eerste *game* 'n *try score* nie!

**Minette**: O, nee... Natuurlik nie? Net die heeltyd soos 'n mal kat op tafel gegil "Kom Brüssouw! Jy kan man! Jy's 'n yster! Kom druk hom! Hier voor my! *Please, please please!*l"

**Chappies:** Ok. En toe druk hy sy drie en toe *flash* sy. So wat is die *issue?*

**Minette**: Sy't nie ge-*flash* nie, Chappies! Sy het gewys!

**Chappies**: Gewys? Nie ge-*flash* nie maar gewys? Wat de hel is die verskil?

**Minette**: Dit Chappies... is *flash!* (*Sy flash* so vinnig dat die gehoor dit nie eers behoorlik besef of raaksien nie) En dit... Chappies ... is WYS! (Sy draai rug op gehoor en pluk haar top op en hou dit daar terwyl sy haar 'boobs' vir 'n wyle suggestief rondswaai voor sy die top aftrek en omdraai) Tevrede?

(*Uiteraard kan die regisseur en akteurs ook die 'flash'-toneel doen sonder om werklik die top op te trek en net te 'mime' of sy dit doen. Dan gebeur alles natuurlik na vore)*

**Chappies**: Sy't dit glad nie só stadig gedoen nie! Sy't net vinnig ge-*flash!*

**Minette**: Ag so? So jy het gekyk?

**Chappies**: Ek het nie gekyk nie!

Minnette: Nou hoe weet jy hoe vinnig sy *ge-flash* het?

**Chappies**: Periferie.

**Minette**: Peri-vir-wat?

**Chappies**: Periferie! Soos wanneer jy bestuur! Jy kyk nie, maar jy sien. Jy kyk voor jou, maar jy sien mos uit die kante van jou oog ook! Dis normaal

**Minette**: Jou *bleddie* perifer-wat-ook-al-moet baie goed ontwikkel wees om die verskil tussen 'n vinnige *flash* en stadige wys te kon onderskei. So los dit nou net So kom ons gaan nou!

**Chappies**: Trek eers 'n ander top aan!

**Minette**: Vir wat?

**Chappies**: Ek is bang die ouens dink jy is Claudette met daai top. En dan wag hulle vir *flash* en dan kyk hulle nie die *game* nie.

**Minette**: Nou dink jy so wragtag ek sal *flash?*

**Chappies**: Nee ek het nie gesê jy sal *flash* nie. Die top lyk net of hy wil *flash!*

**Minette**: Die top lyk net of hy wil *flash?* Is jy lekker, vandag Chappies? Wat is in daai lemoen? Die top lyk of HY wil *flash?* Die top is 'n SY... *(Haar hande onder 'boobs')* – nie 'n HY nie! *(Haar hande 'dangle' grond toe soos 'n bos wortels)* Jy het jou nog nooit vir my geskaam nie!

**Chappies**: Uhuh? Ons almal het foute! Ons almal!

**Minette**: O! So wat is myne?

**Chappies**: Wel terwyl jy nou daarvoor vra. Ek... skaam my partykeer vir jou by die *game.*

**Minette**: A! Daar kom dit nou! So waaroor skaam jy jou? Moet ek 'n *Duffel-coat* gaan aantrek? Is my *boobs* te klein om te *flash?* Is dit hoekom jy vir Claudette ge-*dare* het? Miss Double-D vir jou periferie? *(Sy trek haar ogies omtrent skeel om kant toe te kyk)*

**Chappies**: Nee! Dis net... Jy ken nie reëls nie!

**Minette**: Ek het wragtag nie geweet daar's reëls vir *flash* nie! Julle mans is siek!

**Chappies**: Ek praat van rugbyreëls!

**Minette**: O? Soos watse reëls nogal. 'n Drie tel drie, ok?

**Chappies**: Nee Minette! ‘n Drie tel VYF!

**Minette**: Dis ‘n moerse logiese rugbyreël.

**Chappies**: OK! ‘n Drie was eers drie, toe word dit vier en nou is ‘n drie vyf.

**Minette**: Nee, ek verstaan honderd persent! Rugby-logika!

**Chappies:** Ek gaan nie eers probeer verduidelik nie! Ek praat nie daarvan nie! Ek praat van die *basics!*

**Minette**: Soos wat?

**Chappies** *(begin nou die kamer oorneem soos hy die veld en die aksie op die veld uitlê):* Ok. Ons sit hier... op die Noordpaviljoen. Die Cheetahs se doellyn is hier! Voor ons by die Noordpaviljoen. Hulle skop van hier op die middellyn af en speel hierna toe om hier te druk. Hier is hulle doellyn, OK! Dis die *basics.*

**Minette**: *Very basic, my Dear Watson. I admit, very basic.*

**Chappies**: So Heinrich Brüssouw hol hier af doellyn toe en druk sy eerste toetsdrie hier. Voor ons.

**Minette**: En Claudette *flash* in jou perife-vir-wat-ook-al, maar jy sien dit natuurlik nie! Ek is nie stupid nie, Chappies! Ek was daar, Duh?

**Chappies**: Dis nie die punt nie!

**Minette**: Nou wat is jou *bleddie* punt?

**Chappies**: Halftyd gaan ek en Wiele krip 4 toe en kry ‘n bier. Ons kom terug en gaan sit weer julle. Op die Noordpaviljoen!

**Minette**: *Very basic.* Nou wat nou?

**Chappies**: Raait! Tweede helfte begin! Die *enemy* skop af en Brüssouw vang die bal en die hele span snol agter hom aan doellyn toe. En jy skree soos ‘n Spaanse vark in slagtyd!

**Minette** (slaat hom met haar handsak)**:** Chappies! Ek sal vir jou wragtag...!

**Chappies:** Nee wag nou! Jy skree soos net jy kan vir die hele Noordpaviljoen om te hoor: “Heinrich! Hierdie kant toe! Brüssouw! Hier die doellyn! Hoe meer ek vir skree om te *shut-up* hoe harder skree jy: “Maar die

hele hol na die verkeerde kant toe!" *Flippet* Minette?

**Minette**: Nou hoe moes ek weet hulle draai om halftyd om?

**Chappies:** Dis die *basic* reëls waarvan ek praat!. Halftyd draai die spanne om!

**Minette:** Dis 'n simpel reël. Hoekom?

**Chappies** *(verloor dit nou heeltemal):* Omdat die son nou weer 'n slag in die ander span se oë kan skyn!

**Minette:** Dit was bewolk?

**Chappies:** Dit was bewolk? Minette waar val jy uit! As dit nou nie bewolk is nie?

**Minette** *(vat nou self nie vloer soos sy die baan uitlê en die son se rigting bepaal*): Jy dink ek is onnosel, nê? Waar's noord?

**Chappies** *(wys noord)***:** Daar's noord.

**Minette:** Raait! Daar's noord! Ons sit waar? Op die NOORD-pawiljoen! Reg?

**Chappies:** Reg.

**Minette:** Reg! Waar kom die son op?

**Chappies:** Die son kom in die Ooste op en gaan in die Weste onder! Wat's jou punt, Minette?

**Minette** *(beduie dramaties die reisende son van Oos na Wes)***:** OK! Hier trek die son nou van Oos na Wes. Die Noord-pawiljoen is daar en die Suid-pawiljoen daar. *(Sy 'dangle' een hand as die son nou bokant kop en gebruik die ander hand om te wys na haar oë)* Nou sê nou vir my Chappies! Hoe de duiwel kan die son in die spelers se oë skyn as hulle van Suid na Noord speel en die son trek van Oos na Wes? Dis 'n bleddie simpel rugby reël!

**Chappies** *(gooi sy hande in die lug):* Ek gee oor! Dis 'n reël!

**Minette:** 'n Simpel reël! Hoe moes ek weet rugby het sulke simpel reëls? En as ek jou die reëls vra dan sê jy altyd "later!"

**Chappies**: Maar jy vra my die reëls terwyl ons die *game* kyk. Ek wil die *game* kyk! Nie 'n lesing lewer nie! En dit irriteer almal om ons wat die *game wil kyk.*

**Minette**: Wiele gee nie om nie. Ons was almal saam by die *game* en hy verduidelik alles sonder dit hom pla terwyl ons die *game* kyk? Hy kan blykbaar *multi-task,* jy baie duidelik nie!

**Chappies**: Natuurlik gee Wiele nie om nie. Hy kyk nie die *game* vir die *game* nie.

**Minette**: Wat?

**Chappies:** Ek sê hy kyk nie die *game* vir die *game* nie! *(Hy skop 'n denkbeeldige bal)* Hy kyk die *game* vir die *game! (Hy wys boobs van girls)*

**Minette**: Chappies! Is jy seker daar is net Klipdrift in daai lemoene?

**Chappies**: Kroonwild, Minette! Dis die *game* wat hy kom kyk!.

**Minette**: Kroonwild?

**Chappies:** Y*es!* Kroonwild! Bokkies! Jong bokkies wat die *game* kom kyk en hoop een van die rugby-ouens sien hulle op die Dek raak na die *game!*

**Minette**: Poppetjies! Rugby poppetjies!

**Chappies**: Presiesl Wiele sal genoeg tyd hê om vir die jou die reëls te leer terwyl die *game* aan is. Ek nie! My prioriteite is reg. Ek is *committed* tot die *game!*

**Minette**: Jy is so *committed* tot die *game,* jy kom nie eers agter die ouens tjaaf My by die rugby nie.

**Chappies**: Praat jy nou van daai simpel ou van laas? Wat het jy hom genoem?

**Minette:** Pubis?

**Chappies:** Ja daai dronkgat. Pubis! Hy't jou probeer tjaaf!

**Minette**: Hy ook.

**Chappies**: Ag Minette... Ek weet mos jy sal jou nie steur aan 'n gesuipte ou in oranje *pantyhose* en 'n rooi onderbroek bo-oor nie. Belaglik!

**Minette**: Het jy gesien waar hy sy sigarette en *lighter* gebêre het?

**Chappies:** Nee? Ek meen hy het nie 'n hemp aangehad nie?

**Minette**: In sy onderbroek.

**Chappies:** Wat?

**Minette:** Ja. In sy onderbroek! Dit was ‘n *Bic.*

**Chappies**: Hoe weet jy dit

**Minette**: Periferie...

**Chappies:** Periferie? So jy’t gekyk?

**Minette:** Ja! Het jy nie gesien nie?

**Chappies:** *Flippit* Minette! My periferie werk nie so nie!

**Minette:** So, jy lei aan selektiewe periferie!

**Chappies:** So. jy het wragtag gekyk! Is dit hoekom jy hom daai bynaam gegee Het? Pubis! Ek skaam my dood!

**Minette**: Hy’t dit ge-*like!*

**Chappies**: Nou sien jy hoekom ek jou nie wil saamvat nie. Jy kry daai soort ouens daar. *Common!* Party oues het nie eers nie kaartjie nie. Belê boggerol in die *game!* Wil net na snaaks aantrek en *girls* optel!

**Minette:** Soos jy?

**Chappies:** Ek tel nie *girls* op nie!

**Minette:** Jy trek net snaaks aan?

**Chappies:** Dis die end-*game.* Ek praat van daai ouens wat net na die tyd wil saamkuier op die Dek en Poppies optel!

**Minette**: En jy? Hoe laat het laas by die huis gekom toe jy en Wiele alleen gegaan het?

**Chappies**: Dit was die verkeer! Ons was vasgeparkeer!

**Minette:** Op die Dek?

**Chappies:** Ek is nie daai tipe ou nie. Ek het my prioritiete... Skuus... teite! Prioriteite!

**Minette**: Uhuh? Waar kry Wiele daai naam?

**Chappies**: Weet nie? Hoekom?

**Minette**: Ek wonder maar net...

**Chappies**: Wel hy hy het ‘n 4X4.

**Minette:** Klink belowend...

**Chappies:** Huh?

**Minette:** Nee niks. Gaan aan.

**Chappies:** Wel hy het ‘n 4X 4! Groot wiele vir parkering op die *pavements.* Hy klim enige *pavement* sommer *two-ticks*

**Minette**: Uhuh?.

*(Donderweer en reen sak weer uit)*

**Chappies:** Maar vandag help dit hom niks. Hy sit by die *game* met sy bike*. (Hy kyk weer op sy horlosie.)* Sherbit! Die tyd loop en dit reën! Jou hare gaan ‘n *disaster* wees so sonder ‘n *helmet.*

**Minette**: Dink jy die foreplay (voorspel) het al begin?

**Chappies**: Waarvan praat jy? Dis voorafwedstryde, Minette! Ag dis nie so belangrik nie. Ek is deur daai goed in my lewe. *Boring stuff.* Ek soek die hoof-*game*, dan’s tevrede*.*

**Minette**: Miskien is die vooraf wedstryde ‘n goeie plek om die reëls te leer ken. Dan is almal nie ge-*tense* oor die uitslag nie.

**Chappies** *(het nie ‘n clue van al die seksuele innuendo’s hierbo nie):* Goeie idee dalk. Miskien kan Wiele jou leer. Ek soek die hoof-*game* – *uninterupted.*

*(Weer dreun en dit reën nou in vlae)*

**Minette**: Ek wonder of ek nie maar moet bly nie? Ek gaan sopnat wees!

**Chappies**: Miskien. Ek het darem ‘n *rain suit.*

**Minette**: Gaan kry dit. Jy gaan die hoof-*game* mis.

**Chappies** *(op pad na kamer om motorfiets reënpak te kry):* Jis, dankie, Darling! Ek vat sommer net die baadjie *(Af na kamer)* Ek *like* jou kwaai!

**Minette**: So kwaai dat ek ook R250 kan vat vir die Bolshoi Ballet volgende . Saterdagaand?

**Chappies** *(af in kamer):* Hoesê?

**Minette:** Ek sê en vat ook R250 vir die Ballet in die Sand volgende Saterdagaand

**Chappies** *(in met baadjie):* R250**?** Dis 'n helse lot geld vir 'n paar swane wat op hulle tone heen en weer oor die verhoog trippel en op die einde slaat die hoofnommer met klappende vlerke in elk geval dood neer!

**Minette**: Jy hoef nie weer saam te gaan nie! Ek sal ook alleen gaan.

**Chappies:** Jy weet ek verstaan jou net nie? Hier sukkel ek die hele middag om jou saam met my rugby te laat gaan kyk, en nou wil jy alleen gaan Ballet kyk?

**Minette**: Ek wil alleen gaan, want jy ken nie die reëls nie.

**Chappies**: Watse reëls? Die een lot gansies dans daai kant toe en dan *charge* die groot gans daarna toe om by hulle te kom, maar nes sy amper daar is dan *charge* daai klomp jong gansies weer na die ander kant van die verhoog? En dit in rye? *(Sing en dans vermakerig)* Eendjies, eendjies, daar in 'n ry... en twee drie vier gaan hul verby!"

**Minette**: Dis nie *flippen* ganse nie! Dit is swane!

**Chappies**: *Whatever.* In rye? *Flippit?* Waar kom hierdie mense vandaan?

**Minette**: Wel jy gaan nooit weer saam met my nie. Ek gaan nie rugby toe nie en jy gaan nie ballet toe nie OK?

**Chappies**: Wel ek vra jou ten miste nie die reëls terwyl die *game* aan die gang is nie!

***Minette*** *(ontplof):* Dis nie 'n *game* nie! Dis Ballet! En jy maak nie aanmerkings of skree tydens die uitvoering soos by jou *games* nie! Dis teen die reëls!

**Chappies**: Dis hoekom daai *game* gaan uitsterf. Hoe de hel moet daai dansers weet hulle is goed as niemand ten minste skree "Yes! Yes! Yes! Laat waai, Meraai" as daai pop so moers hoog deur die lug vlieg nie?

**Minette**: Dis nie 'n "Pop" nie! Dis 'n ballerina!

**Chappies**: Ok. Ek ken nie die reëls nie, Ok? Nou leer my! (Maar ek sal leer).

**Minette**: Chappies! Dit is nie aanvaarbaar om vir die manlike balletdanser opdragte te skree sodat die hele boonste ouditorium en die

teatergangers in die onderste deel van die Sand dit ook hoor nie.

**Chappies**: *Flip! D*it was ‘n gevaarlike *trick* wat daai *girl* op kom getrek het! Ek meen, sy staan en treur nog so met haar slap armpies in die een hoek en hy treur doeikant toe! Elkeen treur in sy eie rigting? Die volgende *flippen* oomblik kry sy een of ander liefdesbevlieging, storm op hom af, sonder dat hy dit weet nê!

**Minette:** Chappies!

**Chappies:** Nee, gee my ‘n *gap! Sy kry daai* liefdesbevlieging, storm op hom af, sonder dat hy dit weet nê! Sy spring omtrent twee meter in die lug, val blykbaar flou van passie so in *mid-air,* hy vlieg net betyds om, sien die vlieënde pop deur die lug trek en hy moet haar in ‘n *split second* raakvang! ‘n *Splitsecond!* Dis *flippen dangerous, Minette!* Gevaarlike spel! Sy behoort ‘n rooi kaart te kry vir sulke *moves!*

**Minette** (afgemete): Chappies... Dit is nié aanvaarbaar om vir hom te te skree: “O, *shit,* Ballepiet? Keer vir jou knaters” – nié!

**Chappies**: OK! Ek was verkeerd OK! Ek was regtig bekommerd... Dit was ‘n *dangerous move – finish* en klaar! Ek meen daai Ballepiete dra nou nie juis ‘n krieket... (Hy wil krieketbakkie wys – doen dit so half skamerig) ... jy weet?

**Minette**: Ek weet! Dis nog minder aanvaarbaar om terwyl hy haar vang en mooi op haar voete neersit en omhels vir die balletdanser te skree: “*Good catch! Yes, yes, yes!* Tuimel haar, ou Boerie! Tuimel daai Tannie in die tuttu!”

**Chappies**: Wel al die mense in die teater het dit geniet. Die hele plek se dak het gelig soos die mense gelag het! Tot die ballerinas en die ballepiete daarna meer *spark* gehad! Ek het dit moerse geniet.

**Minette**: Wel ek het nie!

**Chappies**: Ek weet. Jy so pouse so vinnig daar uitgeloop - wat noem jy daai voorportaal? O ja, *foyer* toe – o ek moes soos ‘n bleddie donkie aan ‘n leiriem agter jou aankarring! Jy’t gemaak of jy my nie ken nie?

**Minette:** Ek wou jou nie ken nie! Jy ken nie die reëls nie! Ek het my doodgeskaam!

**Chappies:** Soos jy by die rugby! Ek het darem nog vir jou Gin-en-Tonic op die Dek gekoop! Maar ek kan nie eers ‘n dop in die ... *flippen foyer* koop

nie, want jy sit met my geld in jou handsak en jy IGNOREER my!

**Minette:** Kan jy dink wat jy sou skree in die tweede helfte as jy nog 'n dop ook ingehad het!

**Chappies:** En na die tyd toe hol jy omtrent vir die deure! En ek wou nog die Ballerinas in die voorportaal na die *show* uit-check. Wiele sê hulle kom altyd na die tyd voorportaal toe.

**Minette**: O! Is dit hoekom jy saamgegaan het? Ballerinas uit-*check!*

**Chappies:** Wel jy gaan kyk rugbyspelers by die rugby. "Steyn is só sexy as sy hare so wip!" Uhuh?

**Minette:** Jy weet Chappies. Ons gaan al van skool af saam, deur Varsity en als, maar ek dink nie ons is eers náástenby gereed om te begin praat van verloof te raak nie.

**Chappies**: Heh?

**Minette**: Jy wil die balletpoppies deurkyk en...

**Chappies**: En jy lei aan periferie met ou Pubis!

**Minette:** Ek praat van ballet!

**Chappies:** OK. Ballet! Jy loop so vinnig daaruit, ek moet soos die koning se Poepvanger twee tree agter jou rug aankarring!

**Minette**: Watse ding?

**Chappies**: Poepvanger! Daai ou wat die koning se sleep dra. Jy weet? 'n *Fart Catcher!* Jy is veronderstel om langs my te loop, aan my arm en ek moet lei! Ek is die Man!

**Minette**: Die Man! Soos *King Henry 8* met sy laaste vangs aan sy arm? Vat my arm of jou kop is af my, liewe Anna Bol(e)yn! Vergeet dit! Gaan kyk jou rugby. Dit het ophou reën.

**Chappies**: OK! Ek is seker verkeerd. Toemaar! Ek sal sommer op die TV kyk.

**Minette**: Nee. Ek gaan dit nie toelaat nie. Dis my TV.

**Chappies**: Vir wat nie?

Minette: Dis *Days!* Jy haat dit! Nee! Jy gaan sit en *sulk* oor jy nie saam met

Wiele by die *game* is nie.

**Chappies**: Ek sal nie *sulk* nie! Ek is bereid om op te offer. Al moet ek soos Daantjie Theron voor die vuurpeleton vasstaan en *DAYS* deurworstel.

**Minette**: Dit was nie Danie Theron nie dit was Gideon Scheepers! En hy het voor die vuurpeleton gesit! Vasgemaak op 'n stoel! En hy was geblindoek!

**Chappies:** OK! Ek sal sit. Sonder om geblindoek te word**! Soos 'Gideon Scheepers!**

**Minette** *(verloor dit):* Chappies! Die Boereoorlog is oor die 100 jaar gelede al verby. Verstaan jy nie? Ek wil nie sien hoe jy sit en opoffer en worstel en *sulk* nie, Chappies! Gaan! Jy is nie Gideon Scheepers of een van sy agterryers nie!

**Chappies**: Nou vat jy aan my Voorgeslagte en hul eer! *(Hy trek sy motorfietsbaadjie dramaties aan)* My Oupa se broer se Pa – sy eie Oom - was 'n Kaapse rebel saam met Scheepers!

**Minette:** Chappies! Ek gee nie om of jou Oupa se broer se Pa Gideon Scheepers se perd se hol moes skoonmaak nie. En nog minder of jou Ouma se Ouma se pa se neef Piet Retief se touleier was nie! Gaan kyk net jou rugby!

**Chappies!** *That's it!* EK GAAN! Soos Piet Retief gesê het: "As ek moet gaan, dan sal ek gaan! So ek sal gaan – as touleier as dit moet! *(Hy skree by die kombuisdeur in) "*Mamma vang die hoenders en pak die wa!"

**Minette**: Nou toe! Kry jou ossies bymekaar en gaan!

**Chappies**: Ek sal gaan. Al weet ek ek sal nie die *game* geniet nie, sal ek gaan, want jy gaan hier sit en *sulk* en ek gaan dit weet, maar nogtans sal ek gaan! *(Hy vat sy helmet en sit dit op op pad uit)*

**Minette**: Nou ja! Daar gaan jy. En moenie bekommerd wees nie! Ek gaan beslis nie *sulk* nie!

**Chappies** *(by deur en helmet weer af)* Hoesê?

**Minette**: Ek sê ek gaan beslis nie *sulk* nie.

**Chappies**: Nou wat gaan jy doen?

**Minette**: *Days* of ‘n DVD. *ABBA*

**Chappies**: Weer?

**Minette**: Weer wat?

**Chappies**: Weer ABBA?

**Minette**: Hoekom nie?

**Chappies**: Weer daai simple *musical* van die gestreepte...

**Minette**: Meryl Streep!

**Chappies:** *Whatever!* Daai een van die vrou op die Griekse eilande?

**Minette**: Jip!

**Chappies**: Wat is jou *issue* met daai fliek? Jy dit al seker 10 keer gesien? Elke keer as jy stryk!

**Minette**: Ek stryk so lekker, want en sing so lekker. *(Sy ‘stryk’ kamstig klere en sing die vrolike ABBA-lied, Chicci Tita)* Only you and I know... *(Die manier waarop sy ‘stryk’ is nogal ietwat suggestief)*

**Chappies**: Ek *like* nie daai DVD so baie nie. Wat *tickle* jou in die ding?

**Minette**: Die *songs* ... en seker maar die idee van... ruimte wat sy gehad het.

**Chappies** *(suspisieus):* Soek jy... ruimte?

**Minette**: Ek weet nie Chappies... Ons gaan al van skool af uit en...

**Chappies**: En ons ouers druk ons en...

**Minette**: Is ons regtig reg vir ‘n verlowing? Wil jy aangaan met hierdie verhouding? Is jy klaar gejag? Ons moet dit nou bespreek.

**Chappies** *(kyk onwillekeurig op sy horlosie. Nie regtig by nie!): Flippet,* Minette maak net jou *mind* op! En ek wil nog die *game* gaan kyk...

**Minette** (ontplof): *That’s it!* Uit! Nou! Onmiddelik! Kry jou ry! *(Sy storm uit kamer toe)*

**Chappies**: *Flippit?* Wat het ek nou verkeerd gesê? *(Hy begin sy helmet opsit)* Ok ! Ek gaan!

*(ABBA se lied op DVD word kliphard aangesit en uit die kamer gehoor waar Minette op die bed lê en kussings aanrand, Chappies se selfoon lui. Hy moet weer helmet afhaal om te antwoord. ABBA skielik sagter in kamer)*

**Chappies** *(op foon):* Yes! Ek kom! Ek is opgehou. Nee sy kom beslis nie! Nou net een of ander aanval gekry. Nee, O hel, ek weet nie? Kry jou op die Dek! Bye! *(Helmet op en op pad uit)*

**Minette** *(in):* Wie was dit?

**Chappies**: Wiele. Kry hom op die Dek! Seker te laat vir krip 4.

**Minette** *(suur):* Ok. Bye!

**Chappies** *(suur):* Ok! Bye! *(Uit).*

*(Minette gaan haal vir haar nog 'n Hooch in kombuis en maak dit oop om te drink op die bank. Haar selfoon lui. Sy kyk by deur uit en antwoord)*

**Minette**: Hi! Ja hy gaan. Beslis. Reën of nie reën nie. Met sy *bike.* Nou net hier uit. Ek vat maar solank 'n Hoochie. Ja hy gaan!

**Chappies** *(in met helmet af): Sorry!*

**Minette** *(druk telefoon dood):* Nou wat nou?

**Chappies:** *Bike* se sleutels.

**Minette**: Op die yskas soos gewoonlik!

**Chappies** *(gaan kry dit in kombuis en weer terug met die sleutels):* Dankie. OK. Bye.

**Minette**: OK. Bye.

**Chappies** *(in deur):* Wie was dit?

**Minette**: Wie was wat?

**Chappies:** Op die foon?

**Minette**: O. Claudette.

**Chappies:** Claudette?

**Minette**: Ja, Chappies!

**Chappies**: Daai Claudette? Wiele se Claudette?

**Minette**: Ja. Jy weet... Periferie?

**Chappies**: Nou wat wou sy hê?

**Minette**: Sy wou maar net weet of ons rugby toe gaan en toe sê ek jy gaan, maar ek gaan <u>beslis</u> nie en so aan.

**Chappies**: Nou hoekom bel sy jy jou?

**Minette**: Wel as ek nie gaan nie, gaan sy dalk ook nie, want sy wil nie ‘n taxi vat nie, want dit lyk vir haar of Wiele met sy *bike* gegaan het en so aan en sy weet nie of sy hom gaan kry nie en so aan en hulle het nie eintlik afgespreek waar hulle mekaar sal kry nie en so aan.

**Chappies**: Maar hoekom bel sy jou?

**Minette**: Om te hoor of ek by die huis is.

**Chappies**: O! Ek verstaan! Nou ja, ek moet waai. (Swaai sy sleutels) Dis rytyd of ek mis die hele *game!*

**Minette**: Praat jy! Bye! (Haar foon lui weer) Hi! O, dis weer jy, Claudette! Ja dit sal lekker wees. Ag nee, te *boring...* nie by my huis nie? Wat van Mugg & Bean so oor ‘n kwartier vir koffie of ietsie anders by Cabana? Ja hy’s nog hier. Gou sy sleutels kom haal, maar beslis op pad *game* toe. Hy ry nou.

**Chappies**: Gaan jy met daai Claudette *Double-D*-periferie na Cabana?

**Minette**: Hoekom nie?

**Chappies**: Jirlikheid, Minette! Hulle is Italianers!

**Minette**: *So bloody what?* Is jy nou ‘n rassis of ‘n ding?

**Chappies**: Natuurlik nie! Maar daai klomp Italianers het net een ding in die kop!

**Minette**: Nou pla dit jou?

**Chappies**: Vrouens! En dan is hulle nog sokker mense ook! Ons is rugby mense! Ons ondersteun ons *game!* Wat soek jy by die Italianers? Kan jy dink hoe kom kloek en kekkel hulle om jou en daai Claudette!

**Minette**: *So what?* Gaan ondersteun jou *game!* Van wanneer af is sokkermense nie mense nie?

**Chappies**: *Flippit,* Minette! Jy verstaan nie rugbylogika nie! Sokkermense, Danny Jordaan inkluis, het die hele Suid Afrika en die wêreld

sommer só gevat vir ‘n moerse *ride!* Net die ryk mense wat die *local finals* tussen *Chiefs* en miskien *Orlando Pirates* of *Celtic* kyk en kan bekostig om sokker te kyk kan gaan! Teen ‘n moerse prys! Wat van die armgat *locals?*

**Minette**: Het jy al gehoor hoe gaan dit te kere by die stadion as Celtic speel? Daar’s mense!

**Chappies**: *Local games* kan hulle bekostig! Maar die *World Cup?* Dis groot geld en Wie’;t ge*score?* Fifa! Ek sê vir jou Fifa en die *organizers!*

**Minette:** Daar gaat jy al weer!

**Chappies**: En die polititains En wat vir my roer is dat ek ‘n bleddie skottel moet koop om rugby te kyk en sokker op TV is *for free!* Dis *Bull, Baby, Bull!* Waar’s die sokkerkykers as hulle nie gesponsor word met tickets nie? Wys my daai statistieke! Intussen speel Cheetahs teen die Sharks op dieselfde tyd! en ek moet ‘n skottel koop om dit te kan sien!

**Minette** (*probeer so wragtag nog kalm by)***:** Wat is jou punt, Chappies?

**Chappies:** Watter een is die *major sport?* Wat moet *for free* uitgesaal word*?* *Dit begin met ‘n RRRRRR!* Rugby!

**Minette** *(gryp vir haar ingespuite lemoen en begin dit desperaat suig op die tirade nie aan te hoor nie)* AAAA!

**Chappies**: PW was reg! Dis ‘n TOTALE AANSLAG!

**Minette** (verloor dit weer**)**: AAAA! Waar val jy nou weer uit?

**Chappies**: Ek sê jou! My kultuur word afgeslag En die illuminati sit agter dit alles!

**Minette:** Die illuminati? Is jy heeltemal van jou kop af?

**Chappies**: Die illuminati en daai Italianers by Cabana en die Borge en daai ouens by Cabana!

**Minette** (bars uit van die lag): Die ouens van Cabana!

**Chappies**: OK, Miskien nie! Maar Die borge! Ek sê jou Fifa en die polititians! Hulle kruip gat, my *Baby!* Daai vallende yskaste en huise het toe nooit gehom nie! Nee maar nou word hulle getroos met gratis sokker op die TV! En ek moet *flippen* hoeveel geld betaal om my *game* te

kyk? Op ‘n skottel.

**Minette:** Ag *shame!*

**Chappies:** Ja, ag *shame!* Dis ‘n georkestreerde aanslag om my kultuur! En dan betaal ek om na my *game* te kyk die SABC wat my lisensiegeld deur hulle gatte trek om Franse sjampanje uit te suip by die *launch* van een of ander buitelandse diens in Makwama-moese-new-democracy-posibility-state-*i*-north–of-DaFreePass-Previously-known-as-Beitbrug.

**Minette**: Gee my nog ‘n lemoen! *(Sy vat dit en suig die tweede uit)*

**Chappies**: Ek sê jou! Die laaste skottel wat my familie gekoop het was my Ma se skottel om afval in te kook. “Gee my my gratis rugby op die TV terug!” *Flippit* ek begin sommer ‘n revolusie op *Facebook!*

**Minette**: Chappies jou Pa was nie ‘n bywoner nie hy was ‘n plaasbestuurder! Met ‘n ordentlike salaris en hy kon jou laat leer!

**Chappies:** Ek maak maar net die punt! Ons word beroof!

**Minette:** Beroof? Issit? Wat het jy vir daardie kaartjie betaal? Hou op *moan*! Jy het werk en geld!

**Chappies**: Bokkie! Moenie my *confuse nie!* In Afrikaans... Hulle moenie my moer roer nie. Ek kom van vêr af. Van Piet le Roux se plaas. As bywoner. OK! Amper as bywoner! Maar ek het gewerk en my kaartjie gekoop en ek gaan my *game* kyk, *finish* en klaar! Dis al wat ek oor het! So moenie my moer kom roer oor Italianers en sokker nie!

**Minette**: Jy’s nou soos wat hulle sê: *“Beyond repair”.* Klippies en lemoene! Fabrizio gaan nooit so tekere nie!

**Chappies**: Wie de hel is Fabrizio?

**Minnette:** By Cabana...

**Chappies**: O daai daai donner van laas! *(Hy stuur die romantiese Italianer op).* “O me pretty lady. Welcome to Cabana! What shall it be for the beauty tonight?”

**Minette**: Hy was net hoflik!

**Chappies**: En dan *like* hy dit mos om met jou Italiaans te praat.

**Minette**: Wel dit klink romanties! En ek is onskuldig. Ek verstaan dit mos nie.

**Chappies**: Wel, hierdie Chappies wat hier voor jou staan is skerper as 'n Minora-blade. Ek weet!

**Minette:** O Chappies, die bywonerseun verstaan Italiaans!

**Chappies:** Ek sê jou, skerper as 'n Minora! Toe hy weer daar kom *drool* toe *tape* ek hom op my sel!

**Minette:** Ag kom nou, Chappies!

**Chappies:** Ek het hom ge-*tape! Luigi by La Roma* het dit vir my vertaal! (Hy speel die selfoon mimiek die Italianer se stem) *"Hai occhi molto belle. Li gradisco."*

**Minette**: Wat de hel beteken dit!

**Chappies**: Aha! You have beautiful eyes. I like you!

**Minette**: Nice!

**Chappies**: Wag hoor hier! (Hy speel weer die stem) *"I tuoi piedini sono belle Posso basaciarti*?" Jou bene is pragtig! Kan ek jou soen?

**Minette** (koer behoorlik): Het hy dit regtig gesê?

**Chappies**: Natuurlik! Hoekom dink jy het daai klomp Italianers by die tafel langsaan so lekker gelag? *"Gradisco le ragazze con il sono grande. Una donna senza seno, ecome un letto senza guanciale. Mi piace on tondo grasso e sulle sue punta anche*. *(Chappies lag lekker!)*

**Minette**: Vir wat lag jy? Dit is baie romanties!

**Chappies**: Natuurlik is dit! I like girls with big boobs. I woman without big boobs is like bed without pillows! And I like a girl with a bit of fat round her hips!

**Minette** *(gooi hom met die lemoen):* Jou… Bliksem!

**Chappies** *(skarrel om weg te kom*): Dis nie ek nie, dis hy!

**Minette** *(kalmeer, maar woedend en teleurgestel):* Die vark!

**Chappies** *(probeer troos):* Ag toe maar. Hoor hierdie een! *(Afgehaal) "Il suo fidenzato é scemo. Assomiglia un giocatore di rugby."*

**Minette**: En?

**Chappies**: "Her boyfrend is dumb. He looks like a rugby player." O, ek gaan vir hom hard bliksem!

**Minette**: Jy is so jaloers! Het jy wragtag alles gaan op-*swot* net om te hoor wat Hy vir my sê?

**Chappies**: Miskien, maar dis nie net dit nie. *(Baie ingenome met homself)* Ek wag net tot sy *girlfriend* by hom is dan gaan ek hom 'n taai toffie gooi!

**Minette**: Wat gooi?

**Chappies**: In Italiaans! *Flip* dit was moeilik, maar ek het hom! *(Met 'n gemaakte bekommerde uitdrukking op sy gesig) "Sembra che il vostro amico di ragazzo è un amante difettoso. Non sarete interessati nei suoi avanzamenti sessuali più. Ecco perché prova a fare l'amore ad una nuova ragazza.* Corta dell'uomo sindrome?
"

**Minette**: Chappies? Waar…

**Chappies**: Luigi het my gehelp! *(Hy slaan weer die selfde bekommerde toon aan)* Wil jy hoor! "Meisie! Dit lyk my jou *boyfriend* is pateties in die bed? Jy stel duidelik nie meer in sy toenaderintjies belang nie. Dis hoekom hy so desperaat probeer om elke nuwe meisie bed toe te sleep! Kortmannetjiesindroom?"
*(Normaal)* Ha! Ek wil daai Fabrizio se gesig sien!

**Minette**: Daai plek sien my nie weer nie! Die vark!

**Chappies** Bakgat! Ek sê mos – sokkermense. Los hulle! Hoekom doen jy nie vanmiddag eerder iets anders nie? Daai *ABBA* ding is ook al *boring!*

**Minette**: Soos wat?

**Chappies**: Langehovenpark se kerkbasaar is aan. Gaan koop vir ons lekker Boereworsrolle vir vanaand as ek terug is.

**Minette** *(afgehaal):* Boereworsrolle

**Chappies** *(sien dit nie eers raak nie):* Jip Lekker Boereworsrolle. Moet net nie te lank draai nie want dan word dit pap en al die sous loop uit. Koop

en kom sit dit gou in die yskas.

**Minette**: En dan drink ek tee hier by die huis?

**Chappies**: Ja wat! Net wat jy wil.

**Minette**: Gee my R250. Nou!

**Chappies**: Jis Minette, jy hoef nou nie R250 se wors te gaan koop nie!

**Minette**: Gee my net R250

**Chappies**: Vir wat?

**Minette** Dis wat jou bleddie rugbykaartjie gekos het! En dan praat ek nie eers van die bier wat jy gaan drink nie. Gee!

**Chappies**: Vir wat?

**Minette**: Gelykheid! Vroueregte! Dis my geld vir die ballet! Of vir parfuum of wat ook al!

**Chappies** *(haal die geld uit en gee):* Ok! *Fair deal! Raait,* ek waai*! (Na deur)*

**Minette** *(wil bel op sel):* OK, bye!

**Chappies** *(steek vas):* Vir wie bel jy nou?

**Minette**: Vir Claudette

**Chappies**: Vir Claudette? Vir wat?

**Minette**: Sy kan saamgaan Boeremark toe. Dan soek ons die beste Boerewors uit! En dan kom drink ons tee!

**Chappies**: OK... Ek moet gaan. Moet net nie vir daai Claudette iets anders gee nie. Een dop gee haar skop om enige iets te doen!

**Minette**: OK, bye!

**Chappies** *(nou huiwerig):* Aag die *game* is omtrent verby. Bel haar en hoor of sy gaan kom. As sy kom dan gaan ek maar saam met julle Kerkbazaar toe.

**Minette**: Nee! Dan mors jy R250 se kaartjie!

**Chappies**: Dalk is daar ou by die bazaar wat ‘n kaartjie soek. Ek sal by die karavaan laat uitsaai.

**Minette**: Jy sê dan dis te laat vir *game*? Gaan net geniet die *game*!

**Chappies**: Ek vertrou nie daai Claudette nie? Sy's 'n *bad influence* op jou. Bel haar en hoor of sy kom!

**Minette**: Ek wil nie hê jy moet saam met ons bazaar toe gaan nie!

**Chappies**: Vir wat nie?

**Minette**: Jy gaan daar tien tree agter my aangesleep kom met 'n suur gesig omdat jy nie die *game* gaan sien het nie!

**Chappies**: Dis oraait! Ek sallie. Ek wil bazaar toe! Ek soek Boerewors!

**Minette**: Nee Chappies! Jy soek beslis nie Boerewors nie! Jy wil saamgaan want jy wil gaan lei aan PERIFERIE!

**Chappies**: Wat?

**Minette:** Claudette se periferie! Dink jy nie ek kan teen die tyd jou kop lees nie? Ek het gesien hoe kyk jy vir haar na die tyd op die Dek! Dis hoekom jy rugby toe gaan. Jy't gedink sy gaan daar wees! Vir jou bleddie periferie!

**Chappies** *(gegooi)**:*** Jy weet... Jy is so verkeerd!

**Minette:** Izzit?

**Chappies:** Ja! Want sy sou gaan! Saam met Wiele. Dit was so afgespreek, maar nou kom sy mos hiernatoe!

**Minette:** En dis hoekom jy wil bly!

**Chappies:** Nee ek sal gaan! Ek gaan! As jy eers só is help dit nie eers ek wil iets goeds vir jou doen nie.

**Minette**: Doen iets goeds vir my, en GAAN! Gaan net asseblief. Gaan kry jou terapie! Die tyd loop uit!

**Chappies**: Ek bel net vir Wiele om te hoor waar hy is*. (Hy skakel en praat aanmekaar)* Hallo-Wiele-moenie-praat-nie-die-*crowd*-raas-te-veel-ek-kom-beslis-ek-weet-ek-is-laat-kry-jou-op-die-dek-OK-bye!

**Minette** *(verlig dat hy uiteindelik gaan):* Raait! Gaan nou en geniet dit en jy hoef nie vroeg terug te kom nie. As ek lus kry spring dalk sommer in die bed.

**Chappies**: Is jy seker?

**Minette** *(ontplof): Flippit* Chappies! Gaan net of drink verdwynpille of iets!

**Chappies** *(vlieg by die deur uit. Hy klink baie vrolik):* Cheerio! *(Ons hoor hom sing soos hy verdwyn)* Vodapark die roep my en ek moet gaan...

**Minnette** *(gee die laaste lemoen 'n desperate suig en vlieg op om deur die venster vir Chappies te waai):* Ry-net, ry-net, ry-net! Baai, Chappies. Baai!!

(*Chappies skop sy bike aan die brand en jaag al toetende weg)*

*(Minette begin die Abba nommer neurie en skud haar hare reg, Sy kyk of naels nog bakgat is, knoop haar boonste knopies van die top oop en gaan sit behaaglik op die bank. Dan skakel sy op haar selfoon)*

**Minette** *(op foon. Baie verleidelik)* Hallo... Ja dis ek... Ek is by die huis. Ja Chappies het uiteindelik gery! Tyd? (Sy kyk op haar horlosie) Die tweede helfte het nou-net afgeskop, so dis veertig minute plus tyd vir drie of vier biere op die Dek. En dan nog so twintig minute in die *traffic jam* na die *game...* So dit gee ons so uur-en-'n-half na twee ure toe. Kom ons hou maar by 'n uur-en-'n-half om veilig te speel (Sy giggel stout) Nee wat vir my is dit beslis nie te lank nie! Ok... Sien jou dan oor drie minute. Ek wag al jare hiervoor! Jy gaan vanmiddag die *game* van jou lewe speel.... O ja! Die *game* van jou lewe! Ek is seker sy sal daar wees. Op die Dek! Ek wou nog altyd weet waar jy aan daai naam kom? OK! Sien jou...Wiele!

*(ABBA lied neem ooren vinnige verdonkering. Na enkele sekondes kom die lig weer aan. Die idee is dat Chappies dink Minette is by die mark en hy bring Claudette huis toe vir 'n 'quicky')*

**Claudette** (*verskyn baie wulps en sleep Chappies met haar serp bank toe. Hy beland half bo-op haar, druk hom weg en giggel):* Sjampanje!

**Chappies** *(baie opgewerk af na kombuis):* Natuurlik my meisie!

**Claudette** *(sien seksie tydskrif op bank en leun agteroor om te lees):* Kannie wag nie!

**Wiele** *(net in bont onderbroek in vanuit Minette se slaapkamer op pad kombuis toe);* Sjampanje, verseker! *(Hy sien Claudette op die bank en duik agter leunstoel in)* Shit!

**Claudette** (*hoor iets, maar sien nie vir Wiele nie. Sy spring op agter na bank toe en pluk haar wulps reg vir Chappies se planne en duik agter bank in as Minette uit kamer kom):* O Koek!

**Minette** *(in met omtrent niks aan nie uit kamer en spring wulps op Wiele se rug):* Kom hier jou wille ding!

*Claudette en Minette sien mekaar met suiwer angs en stotter. Chappies storm uit kombuis met sjampanje en gryp Claudette romanties vas. Sy gil* "Nee" *en wys na Minette. Algemene chaos en gille van almal. Wiele seil op sy maag op pad na voordeur. Almal skree en vinnige verdonkering*

***Die Einde***